**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersieningsaak Nr.: 89/2005

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**PIET THAMI LEBEKO** 1STE BESKULDIGDE
**JOHANNES MEKO** 2DE BESKULDIGDE
**PETRUS MAHONONO** 3DE BESKULDIGDE

---

**CORAM:** **HANCKE, R**

---

**UITSPRAAK:** **HANCKE, R**

---

**GELEWER OP:** **14 APRIL 2005**

---

Die drie beskuldigdes is skuldig bevind aan veediefstal en soos volg gevonnis:

Beskuldigde 1 - 30 maande gevangenisstraf;

Beskuldigde 2 - 30 maande gevangenisstraf waarvan 12 maande gevangenisstraf opgeskort is vir 5 jaar;
Beskuldigde 3 - 30 maande gevangenisstraf waarvan 12 maande gevangenisstraf opgeskort is vir 5 jaar.

Aldrie beskuldigdes het skuldig gepleit, waarna hulle tereg skuldig bevind is nadat ‘n behoorlike ondervraging gehou is. Die gebeure spruit voort uit ‘n voorval op die plaas Kalkdam in die distrik Bultfontein gedurende die nag van 25 en 26 November 2004, by welke geleentheid hulle agt skape ter waarde van R4 800,00 op die eiendom van Johan Jakob van Rensburg gesteel het.

Na aanleiding van ‘n navraag deur my kollega Voges, Waarnemende Regter, verklaar die Landdros in sy redes dat die boerdery gemeenskap gebuk gaan onder geweldige veediefstalle wat gepaard gaan met groot verliese. Ten opsigte van beskuldigdes 2 en 3 verklaar hy die volgende:

> gOmdat beskuldigde 2 en 3 eerste oortreders is het Hof juis ‘n verskil in vonnisse gemaak en ‘n deel van hulle vonnisse opgeskort om te kyk of dit nie die gewensde uitwerking kan hê om hulle te verhoed om in die toekoms hulle weer skuldig te maak aan soortgelyke misdrywe nie.”

Die probleem is egter dat beskuldigde twee, tydens die pleging van die misdryf, slegs sewentien jaar oud was terwyl beskuldigde 3 alreeds 21 jaar oud was. Daar is ook ‘n vakkundige verslag

verkry van die Departement Sosiale Ontwikkeling waaruit dit blyk dat daar aanduidings is van goeie mense materiaal ten opsigte van beskuldigde 2. Myns insiens moet daar ‘n onderskeid gemaak word ten opsigte van die vonnisse wat onderskeidelik opgelê word aan beskuldigde 2 en beskuldigde 3. In aggenome die feit dat beskuldigde 2 baie jeugdig is en ‘n algehele eerste oortreder is, is die opgelegde vonnis, na my mening, treffend omvanpas in die omstandighede, selfs al word die erns van die betrokke misdryf behoorlik oorweeg.

Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevindings en vonnisse van beskuldigdes 1 en 3 word bekragtig.

2. Die skuldigbevinding van beskuldigde 2 word bekragtig.

3. Die vonnis van beskuldigde 2 word ter syde gestel en vervang met die volgende:

   18 Maande gevangenisstraf waarvan 12 maande opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal, met inagneming van die

bepalings van Wet 57 van 1959, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Die vonnis word geag opgelê te gewees het op 19 Januarie 2005.

**S.P.B. HANCKE, R**

/em